



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 22 JANUARIE 2020 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)  
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons  
Rdl O M Stemele  
Rdh R F van der Westhuizen  
Rdd M van Zyl

Ander raadslede:

Rdl C Daniels  
Rdl J M de Beer  
Rdl N Smit

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton  
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

**1. OPENING**

Die Uitvoerende Burgemeester rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan teenwoordigers op die eerste vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee van 2020 en versoek rdh R F van der Westhuizen om die vergadering met gebed te open.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Geen verskonings is ontvang nie.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 11 DESEMBER 2019**

**BESLUIT**

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 11 Desember 2019 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5./...

## 5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

## 6. NUWE SAKE

### 6.1 VOORLEGGING VAN KONSEP JAARVERSLAG: 2018/2019 FINANSIËLE JAAR (7/1/1/1)

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat die kommentaar vanaf die Kantoor van die Ouditeur-Generaal op datum ontvang is, en dat die konsep jaarverslag dienooreenkomstig bygewerk sal word vir voorlegging aan die Raad op 30 Januarie 2020.

#### BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag vir die 2018/2019 finansiële jaar soos voorgelê in terme van artikel 127(2) van die MFMA, en opgestel in die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 van 2012 van Nasionale Tesourie;
- (b) Dat kennis geneem word van die opvolgaksies waaraan in terme van artikel 130 van die MFMA uitvoering gegee sal word, te wete –
  - (i) die openbaarmaking van die jaarverslag;
  - (ii) die rig van 'n uitnodiging aan die publiek om verhoë daaromtrent te rig;
  - (iii) uitnodiging aan die publiek en die relevante staatsorgane om die spesiale raadsvergadering op 31 Maart 2020 by te woon, wanneer die jaarverslag en oorsigverslag bespreek sal word;
  - (iv) voorlegging van die jaarverslag aan die Ouditeur-Generaal, provinsiale tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering;
- (c) Dat die MPAC in terme van artikel 79(2)(d) van die Strukturewet, 1998 gemagtig word om adviserende lede wat nie lede van die raad is nie te koöpteer, ingesluit die volgende:
  - die eksterne finansiële ouditkomitee;
  - twee wykskomiteelede om op die prestasie-assesseringspaneel gekoöpteer te word;
- (d) Dat die twee verteenwoordigers van wykskomitees ook 'n uitnodiging gerig sal word om (1) die MPAC-vergadering op voormelde datum en (2) die spesiale raadsvergadering op 31 Maart 2020 by te woon;
- (e) Dat raadslede wat nie op die MPAC dien nie, kennis neem dat dit ook van hulle verwag word om hul eie evaluering van die jaarverslag te doen, onder andere in konsultasie met hul kiesers, wykskomitees en wyksverteenwoordigers om insette en kommentare aan te moedig vir oorweging by die volle raadsvergadering op 31 Maart 2020.

### 6.2 HALFJAARLIKSE BEGROTING- EN PRESTASIE-EVALUASIE (7/1/1/2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag word voorgeskryf deur artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) - MFMA.

Die voorlegging geskied ter voldoening aan die verantwoordelikheid wat die Uitvoerende Burgemeester opgelê is om die Raad in te lig aangaande die implementering van die begroting en die stand van die finansiële sake van die Munisipaliteit.

#### BESLUIT

Dat kennis geneem word van die halfjaarlikse begroting- en prestasie-evaluasie met betrekking tot die eerste helfte van die 2019/2020 finansiële jaar en meer spesifiek die noodsaaklikheid om die oorspronklike begroting te hersien deur middel van 'n aansuiweringsbegroting.

**6.3 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE: JANUARIE 2020 HALFJAARLIKSE AANSUIWERINGSKAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING: TEGNIESE AANBEVELINGS VIR DIE 2019/20 – 2021/22 MEERJARIGE BEGROTING (5/1/1/1, 5/1/1/2, 5/1/4)**

Die halfjaarlikse aansuiweringskapitaal- en bedryfsbegroting is deur die Begrotingsbeheerkomitee gehou op 15 Januarie 2020 oorweeg ten einde tegniese aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voor te lê en derhalwe word –

**BESLUIT** (vir aanbeveling deur die Raad op 30 Januarie 2020)

- (a) Dat kennis geneem word dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het nadat hulle die verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en ander direkteure oorweeg het;
- (b) Dat die Raad goedkeuring verleen om die gedeeltelike finansiering van R50 000 000 te finansier uit die Raad se CRR en nie 'n eksterne lening op te neem nie, gegewe die munisipaliteit se verbeterde finansiële posisie, maar meer om die mandjie van basiese goedere en dienste binne bekostigbare perke te hou;
- (c) Dat die Raad se kontant posisie oor die volgende jaar gemoniteer en herevalueer moet word, sou die finansiering samestelling ten opsigte van die twee bogenoemde projekte heroorweeg moet word ten einde finansiële volhoubaarheid op die langer termyn te verseker;
- (d) Dat die Raad kennis neem van die wysigings wat verband hou met Artikel 19 as gevolg van die finansieringsbronne van die Sewerage Works Project: Moorreesburg wat verander (**Annexure A-3: 2019/20 – 2021/22 Capital Projects ito Sec 19**);
- (e) Dat goedkeuring verleen word om die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2019-2020 – 2021-2022 finansiële jare as volg te wysig:

	Oorspronklike Begroting 2019/20	Half-Jaar Aansuiwerings begroting 2019/20	Oorspronklike Begroting 2020/21	Gewysigde Begroting 2020/21	Oorspronklike Begroting 2021/22	Gewysigde Begroting 2021/22
Kapitaalbegroting	143 857 572	140 815 524	166 329 719	175 414 520	123 808 556	139 810 340
Bedryfsuitgawes	749 828 067	757 190 607	787 878 112	782 790 042	871 723 962	867 006 599
Bedryfsinkomste	830 826 697	855 620 406	904 995 541	904 995 541	950 674 505	950 674 505
Begrote (Surplus)/ Tekort	(80 998 630)	(98 429 799)	(117 117 429)	(122 205 499)	(78 950 543)	(83 667 906)
<b>Minus: Kapitaal Toekennings</b>	67 161 000	78 451 000	71 936 000	71 936 000	40 439 000	40 439 000
(Surplus)/ Tekort	(13 837 630)	(19 978 799)	(45 181 429)	(50 269 499)	(38 511 543)	(43 228 906)

- (f) Dat dit in ag geneem moet word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2019/2020 finansiële jaar of daarna nie, maar sal lei tot 'n verhoging in die begrote surplus van R13 837 630 na 'n begrote surplus van R19 978 799, met enige veranderinge aan die riooltarief wat sal deel uitmaak van die nuwe hoofbegroting oorwegings;
- (g) Dat die ongemagtigde bestedings geïllustreer onder 2.5 (a) goedgekeur word as deel van die aansuiweringsbegroting van 2019/2020 in lyn met artikel 32(2)(a)(i) van die Wet;
- (h)/...

6.3/...

- (h) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die balans van die 25% afslag op eiendomsbelasting wat toegestaan word aan die senior burgers met 'n maandelikse inkomste wat die perk van R12 000 oorskry soos omskryf in die 2018/2019 goedgekeurde Eiendomsbelastingbeleid as gevolg van die onsekerheid wat bestaan het met die voltooiing van die kortingsvorm vir die 2019/2020 boekjaar en dat dit gekrediteer word na die munisipale eiendomsbelastingheffing met die addisionele uitgawe van omtrent R199 500 wat nie wesenlik is vanuit 'n totale uitgawe bekostigbaarheid oogpunt nie;
- (i) Dat die wysigings aan die begroting en verwante beleide soos vervat in **(Annexure C: Budget / Related Policies and System of Delegations)**, goedgekeur word;
- (j) Dat die finale koste besnoeiingsbeleid goedgekeur word (met inbegrip van die verdere kommunikasie deur die Nasionale Tesourie), insluitend die Stelsel van Delegasies wat dit ondersteun;
- (k) Dat die Raad kennis neem en die bykomende verduidelikings goedkeur wat by die Water en Elektrisiteit tariefstrukture bygevoeg is vir doeleindes van duidelikheid – soos uiteengesit in **(Annexure D: Water and Electricity Tariff Charges)**;
- (l) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting en Verslagdoeningsregulasies goedgekeur word soos vervat in **(Annexure E: Budget Report and A-Schedules 2019/20 – 2021/22)** sowel as die regstellings aan die 2019/20 oorspronklike begrotingskedules wat tydens die verifikasieproses geïdentifiseer is;
- (m) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (n) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienoreenkomstig gewysig word;

#### 6.4 WYSIGING VAN KPI'S EN TEIKENS VIR 2019/2020 (2/4/2)

Die sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens vir die 2019/2020 finansiële jaar is hersien na afloop van die eerste semester. Die wysigings het tot gevolg dat die KPI's en teikens meer duidelik omskryf word en ook meer realisties is.

Artikel 42 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselwet, 2000 (Wet 32 van 2000) bepaal dat die gewysigde KPI's en teikens aan die publiek bekend gemaak moet word.

#### BESLUIT

Dat die aangehegte sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens goedgekeur word met ingang van 1 Julie 2019 (terugwerkend).

#### 6.5 WYSIGING VAN DIE VOORSIENINGKANAALBESTUURSBELEID (8/1/B/2)

Die Voorsieningkanaalbestuursbeleid word op 'n jaarlikse basis hersien ten einde tred te hou met die nuutste wetgewende vereistes en toepaslike regulasies. Die wysigings spruit voort uit die bepalinge van die *Cost Containment*-regulasies wat in die beleid vervat moet word.

Die gewysigde beleid is met die sakelyst gesirkuleer vir voorlegging aan die Raad op 30 Januarie 2020.

Besluit/...

6.5/...

**BESLUIT**

Dat die voorgestelde wysigings aan die Swartland Munisipaliteit: Voorsieningkanaalbestuursbeleid aan die munisipale raad voorgelê word vir goedkeuring met onmiddellike effek.

**6.6 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENING-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 OKTOBER 2019 TOT 31 DESEMBER 2019 (8/1/B/2)**

Artikel 6(3) van die *Supply Chain Management*-regulasies bepaal dat daar op 'n kwartaallikse basis aan die Uitvoerende Burgemeester verslag gedoen moet word aangaande die werksaamhede van die betrokke afdeling.

**BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die kwartaallikse verslag van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid se implementering vir die periode 1 Oktober 2019 tot 31 Desember 2019, wat ingevolge artikel 6(3) van die Regulasies voorgelê moet word asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);
- (b) Dat verder kennis geneem word van die dienste wat vir dieselfde periode gelewer is, met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties sou wees om die mark te toets en gevolglik aanleiding gegee het tot 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid (Bylae D).

**6.7 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: AANVAARDING VAN DIE VERORDENING INSAKE MUNISIPALE GRONDGEBRUIKBEPLANNING (1/1)**

Sedert die inwerkingtreding van die Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 7741 gedateer 3 Maart 2017), het die Wes-Kaapse Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DEA&DP) 'n aantal wysigings aan die standaardverordening voorgestel.

Die praktiese toepassing van die verordening sedert 2017 het ook tekortkominge uitgewys en is dit intensief hersien in samewerking met die konsultant, Munstel, om die toepaslike wysigings aan te bring.

Na afloop van die voorlegging van die konsep verordening aan die munisipale raad op 25 Julie 2019 is 'n publieke deelnameproses deurloop.

Die kommentaar ontvang vanaf DEA&DP is deeglik oorweeg en – waar toepaslik – ingesluit by die verordening.

**BESLUIT** (vir aanbeveling aan die Raad op 30 Januarie 2020)

- (a) Dat aanbeveel word dat die Swartland Munisipaliteit: Konsep Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning aan die Raad vir oorweging en goedkeuring op 30 Januarie 2020 voorgelê word;
- (b) Dat, na goedkeuring deur die Raad, die verordening in terme van artikel 13 van die Munisipale Stelselwet, 2000 (Wet 32 van 2000) in die Provinsiale Koerant gepubliseer word vir inwerkingtreding vanaf datum van publikasie;
- (c) Dat die verordening na afkondiging op die munisipale webtuiste geplaas word.

6.8/...

### 6.8 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: AANVAARDING VAN DIE VERORDENING INSAKE VERFILMING (1/1)

Die konsep Verordening insake Verfilming met die doel om verfilming in die munisipale gebied te beheer en te reguleer is op 25 Julie 2019 aan die munisipale raad voorgelê.

'n Publieke deelnameproses is deurloop en die konsep verordening is deur die Afdeling: Beplanning in samewerking met die konsultant, Munstel, met verskeie rolspelers in die industrie gewerkwinkel om sekerheid te verkry oor die uitvoerbaarheid van die verordening.

**BESLUIT** (vir aanbeveling aan die Raad op 30 Januarie 2020)

- (a) Dat aanbeveel word dat die Swartland Munisipaliteit: Konsep Verordening insake Verfilming aan die Raad vir oorweging en goedkeuring op 30 Januarie 2020 voorgelê word;
- (b) Dat, na goedkeuring deur die Raad, die verordening in terme van artikel 13 van die Munisipale Stelselwet, 2000 (Wet 32 van 2000) in die Provinsiale Koerant gepubliseer word vir inwerkingtreding vanaf datum van publikasie;
- (c) Dat die verordening na afkondiging op die munisipale webtuiste geplaas word.

### 6.9 HUUROORENKOMS: DOLFYNTJIES BEWAARSKOOL, MOORREESBURG (17/9/2/R)

Die Dolfyntjies Bewaarskool op Moorreesburg is 'n geregistreerde Vroeë Kinderontwikkelingsentrum en is hulle werksaamhede, volgens die Departement: Ontwikkelingsdienste, tot groot voordeel van die gemeenskap.

'n Aansoek is ontvang vanaf die Dolfyntjies Bewaarskool om erf 1383, Moorreesburg vir 'n verdere termyn van drie jaar vanaf die Raad te huur.

**BESLUIT**

- (a) Dat 'n drie (3) jaar huuroorenkoms met Dolfyntjies Bewaarskool Moorreesburg, m.i.v. 1 Januarie 2020, aangegaan word vir die huur van erf 1383, Moorreesburg vir die bedryf van 'n Vroeë Kinderontwikkelingsentrum;
- (b) Dat die huurgeld vasgestel word op R120,00 per jaar plus BTW;
- (c) Dat die bestaande huurvoorwaardes gehandhaaf word.

### 6.10 VOORGESTELDE VERHURING VAN NYWERHEIDSGROND TE MOORREESBURG VIR AKKERBOUDOELEINDES (12/2/5/5-9/2)

Die Munisipaliteit beskik oor ±17,7 ha grond in Moorreesburg wat op 'n jaarlikse basis by wyse van 'n openbare mededingingsproses vir akkerboudoeleinde beskikbaar gestel word.

Die tender sal slegs toegeken word, hetsy ten behoeve van of aan 'n plaaslik (Moorreesburg)-gebaseerde openbare weldaadsorganisasie, wat met hetsy welsyns-, humanitêre- of kulturele aktiwiteite gemoed is.

**BESLUIT**

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat voorstelle ingewin word vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg vir 'n periode wat nie twaalf maande oorskry nie, met ingang vanaf 1 April 2020;
- (b) Dat voorstelle ingewin word op die basis en voorwaardes soos vervat in die konsep kennisgewing in Aanhangsel B tot die verslag;

6.10/...

- (c) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om 'n komitee aan te wys om die voorstelle wat ontvang word te oorweeg en 'n toekenning te maak in oorlegpleging met die betrokke wyksraadslid;
- (d) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste met volmag beklee word om die inhoud van die huurooreenkoms te finaliseer, asook die ondertekening daarvan.

#### **6.11 UITSTAANDE DEBITEURE: NOVEMBER 2019 (5/7/1/1)**

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Desember 2019.

#### **6.12 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE: NOVEMBER 2019 (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Desember 2019 soos met die sakelys gesirkuleer.

#### **6.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: HERSTELWERK AAN BOORGAT-BESPROEIINGSPOMP BY RIEBEEK-WES SPORTGRONDE (8/1/B/2)**

Die besproeiingstelsel by die Riebeek-Wes Sportgronde word van water voorsien met behulp van 'n boorgat. Die boortgat-pomp het onklaar geraak en dringende herstelwerk is genoodsaak om die speelvelde by die sportgronde te onderhou.

##### **BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met verwysing na die dringende herstelwerk aan die boorgat-besproeiingspomp by die Riebeek-Wes Sportgronde deur Conradie Besproeiing ten bedrae van R45 630.00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) Die boorgat-besproeiingspomp het weens 'n meganiese fout dringende herstelwerk benodig om te verseker dat besproeiingswater deurlopend gelewer kan word om skade aan die speeloppervlaktes by die sportgronde te voorkom;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R45 630 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/249-849-259 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

#### **6.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE DRYWENDE BELUGTER NO 1 BY DIE MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)**

Belugting is 'n belangrike stap in die behandeling van afvalwater. Die belugters moet deurentyd in 'n goeie werkende toestand wees om suurstof aan die biologiese

6.14/...

behandelingsproses te voorsien. Indien 'n belugter ontklaar raak en nie dringend herstel word nie, kan dit die kwaliteit van die afvalwater negatief beïnvloed.

**BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die waarnemende Munisipale Bestuurder gekondoneer word met verwysing na die dringende herstelwerk aan die drywende belugter no 1 by die Malmesbury WWTW deur GW Trautman ten bedrae van R61 190,10 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) die belugter sou vir 'n geruime tyd buite werking wees as die normale verkrygingsproses gevolg word;
  - (ii) voormelde sou aanleiding gegee het tot die ineenstorting van die biologiese reaktor en gevolglik die behandelingsproses wat rioolafloop van swak gehalte sou lewer wat skadelik vir die omgewing kan wees;
  - (iii) die herstelwerk is dus as 'n noodgeval hanteer
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R61 190,10 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-57-1041 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**6.15 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: VERVANGING VAN DIE ENDRESS+HAUSER LEVEL SENSOR BY DIE MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)**

Die Malmesbury WWTW is toegerus met sensors wat die vloeistofvlakke in die membraanstelsel reguleer. Die Duitse firma, Endress+Hauser, is die enigste vervaardiger van hierdie instrumente en kan die herstel daarvan slegs die Endress+Hauser Suid-Afrika gedoen word.

**BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die waarnemende Munisipale Bestuurder gekondoneer word met verwysing na die dringende herstelwerk van die Endress+Hauser Level Sensor deur Endress+Hauser South Africa ten bedrae van R27 820,51 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) Endress+Hauser South Africa is die oorspronklike vervaardiger van die parte;
  - (ii) Endress+Hauser South Africa is die alleen-diensverskaffer van die parte wat vervang moes word;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R27 820,51 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-851-689 verreken word;



6.15/...

- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**6.16 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE RIOOLVRAGMOTOR, CK 18526 (8/1/B/2)**

Die Munisipaliteit beskik oor slegs een rioolvragsmotor wat toegerus is met gespesialiseerde apparaat vir die opruim van rioolverstopings. Die apparaat het onklaar geraak en dringende herstelwerk is benodig.

**BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die waarnemende Munisipale Bestuurder gekondoneer word met verwysing na die dringende herstelwerk aan die rioolvragsmotor, CK 18526, deur Hydromatic ten bedrae van R74 080,00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
- (i) Die vragsmotor sou vir 'n geruimte tyd buite diens gewees het sou die normale verkrygingsproses gevolg word;
  - (ii) Dat dit die enigste rioolvragsmotor in die munisipale vloot is wat toegerus is om rioolverstopings op te klaar;
  - (iii) Dat, indien rioolverstopings nie onmiddellik opgeklaar word nie, dit aanleiding kan gee tot die ineenstorting van die betrokke gedeeltes in die rioolnetwerk;
  - (iv) Die herstelwerk aan die "power take off" van die rioolvragsmotor, CK 18526, is as 'n noodgeval hanteer.
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R74 080,00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/240-1253-684 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**6.17 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: VERHUISING VAN MNR P S MARAIS (8/1/B/2)**

Mnr P S Marais is met ingang van 13 Januarie 2020 as die Bestuurder: Vaste Afvaldienste in die plek van mnr F H Bruwer aangestel. Mnr Marais se vorige werkgewer was in Oman gestasioneer, en was die aanduiding dat die gesin vroeg in Januarie 2020 na Malmesbury sal verhuis.

Mnr Marais se gade het intussen kwotasies bekom vanaf verhuisingsfirmas en het versoek dat die verhuisings reeds vir 23 Desember 2019 gereël moet word.

**BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die waarnemende Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die verkryging van die dienste van J H Retief Transport CC vir die verhuising van mnr P S Marais vanaf Rynfield (Benoni), Gauteng na Malmesbury ten bedrae van R113 000,00 (BTW ingesluit);

6.17/...

- (c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) Die kort tydbestek wat beskikbaar was om die verhuising op kort kennisgewing te reël;
  - (ii) Die feit dat die spesifikasies nie deur die Munisipaliteit opgestel kon word nie omdat die woning van mnr Marais in Benoni was en die omvang van die trek/voorraad onbekend was;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R113 000,00 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/213-917-2371 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

#### **6.18 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: KONSULTASIE FOOIE: JAARLIKSE FINANSIËLE STATE (8/1/B/2)**

Die dienste van, Ducharme Consulting (Pty) Ltd, is bekom om met die Kantoor van die Ouditeur-Generaal namens Swartland Munisipaliteit te konsulteer aangaande die negatiewe auditbevindinge van die Ouditeur-Generaal. Die firma beskik oor die nodige kundigheid en kapasiteit vanuit 'n GRAP- en rekenkundige raamwerk-perspektief.

Die firma in samewerking met ander rolspelers wat suksesvol daarin om die Ouditeur-Generaal te oortuig om die auditbevinding te wysig.

#### **BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder om die dienste van *Ducharme Consulting (Pty) Ltd* te bekom, gekondoneer word;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
  - (i) Die auditbevindinge, wat in die geheel as wesenlike wanvoorstellings beskou was, is as 'n noodgeval beskou omrede dit sou lei tot 'n negatiewe auditmening. Aangesien die Ouditeur-Generaal op die punt was die auditmening uit te reik, was daar geen tyd om die informele tenderproses te volg nie, aangesien dit vir 7 dae geadverteer moes word.
  - (ii) Deur die voorgeskrewe prosesse te volg sou gelei het tot 'n negatiewe auditmening wat nadelige gevolge sou hê vir die Munisipaliteit.
- (d) Dat die aanstelling van *Durcharme Consulting (Pty) Ltd* geïmplementeer word teen 'n bedrag van R60 000.00 (BTW uigesluit) en verreken word teen pos: 9/209-298-884 (Financial Support Grant" mSCOA) in die 2019/20 begroting;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

#### **6.19 AANSTELLING VAN AFVALBESTUURSBEAMPTE VIR SWARTLAND MUNISIPALITEIT (16/4/1/1)**

Artikel 10(3) van die Nasionale Omgewingsbestuur: Afvalwet, 2008 (Wet 59 van 2008) vereis dat 'n Afvalbestuursbeampste uit geledere van die administrasie aangewys word om die aspekte rondom vaste afvalbestuur binne die Munisipaliteit te koördineer.

6.19/...

**BESLUIT**

- (a) Dat die Bestuurder: Vaste Afvaldienste, mnr P S Marais, aangewys word as die Afvalbestuursbeampte vir Swartland Munisipaliteit in terme van die Nasionale Omgewingsbestuur: Afvalwet, 2008 (Wet 59 van 2008);
- (b) Dat die besluit gekommunikeer word met die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.

**6.20 HER-AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE WAARDASIE APPÈLRAAD VIR SWARTLAND MUNISIPALITEIT (15/2/2/1)**

Die funksionering van die Waardasie Appèlraad is baie effektief en is dit die begeerte om dieselfde lede op die raad te behou. Daar word dus voorgestel om aansoek by die Minister van Plaaslike Regering te doen om die lede vir 'n verdere termyn van vier jaar aan te stel.

**BESLUIT**

- (a) Dat die Raad by die Minister van Plaaslike Regering aanbeveel dat die volgende persone as voorsitter en lede van die Swartland Munisipaliteit se Waardasie Appèlraad her-aangestel word –

Mnr E W Mostert	:	Voorsitter
Me T Kuyk	:	Waardeerder/Lid
Mnr N C Clough	:	Waardeerder/Lid

- (b) Dat die betrokke lede her-aangestel word vir 'n verdere termyn van 4 jaar met ingang van 1 Maart 2020.

**(GET) T VAN ESSEN**  
**UITVOERENDE BURGEMEESTER**